

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 8 MEI 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 4/2012

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur George Nezar, waarna al die lede asook Haylene Claassen en Johan van Zyl welkom geheet word.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

George Nezar	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Charl de Wet		Kleinbrak
Pieter le Roux		Kleinbrak
Deon Hoon		Reebok
Frik Nel		Reebokhoogte
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Terrie Terblanche		Riverside
Des Muller		Riverside
Dawid Erasmus		Tergniet
Anton Dellemijn		Tergniet
Mike Wray		Tergniethoogte
Martin Smith	Notuleerder	Fraaiuitsig
Dorothy Barnard	Sekretaris en Tesourier	

2.2 Op uitnodiging

Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Johan van Zyl	Munisipaliteit
Haylene Claassen	Munisipaliteit

2.3 Afwesig met verskoning

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4	
Buks Pieterse	Voorsitter	Bewarea
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Leon Kruger		Reebokrif
Jaco Hefer		Reebokrif
Peter Juthe	Munisipaliteit	

3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Voorgestel en geseondeer deur mnre Kruger de Wet en Dawid Erasmus.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p>TOERISME BEMARKING VIR MIDBRAKGEBIED</p> <p>Louis en Joy Cook spreek die vergadering toe rakende planne om toerisme in die Midbrakgebied te bevorder. Hoof van toerisme vir die groter Mosselbaai het reeds sy steun daarvoor gegee en daar is baie belangstelling in die projek. Die projek sal bekend staan as die Midbrak Meander. Die Vereniging is welkom om insette te lewer en Bewarea sal nou met hulle skakel. Joy se kontaknommer is 044 606 6722. Haal af.</p>	
5.	<p>AANVULLENDE AGENDA</p>	
5.1	<p>Rioolpompstasie – Terugvoering</p> <p>Die Munisipaliteit stel ons per brief in kennis dat die pompstasie tans in aanbou nie onooglik sal wees nie en dat die terrein omhein sal word. Paaie sal herstel word en daar sal geen onaangename reuke wees nie. Kruger vra dat ons die publiek op hoogte hou in verband met die oprigting van die pompstasie.</p>	Dorothy
5.2	<p>Voorgestelde hersonering van landbougrond</p> <p>Gibo sal uitvind wat van die aansoek geword het. Onsekerheid bestaan of dit wel afgekeur is.</p>	Gibo / Dorothy
5.3	<p>Toekoms nedersetting</p> <p>Johan van Zyl lig die vergadering in oor die ontstaan van die gebied en wat beoog word. Die Munisipaliteit is tans besig om die gebied in erwe op te deel en sal hulle die inwoners bystaan om eienaarskap te bekom. Sodra dit afgehandel is kwalifiseer die inwoners om lede te wees van die Vereniging. Haal af.</p>	
5.4	<p>Munisipale begroting 2012/13</p> <p>Ons insette was via die Wykskomitees. Nie nodig vir die Vereniging om nou kommentaar te lewer nie. Haal af.</p>	
5.5	<p>Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier</p> <p>Ons weet nog nie of die aansoek vir 'n inligtingskantoor goedgekeur is nie. Gibo en Haylene sal dit opvolg.</p>	Gibo / Haylene
5.6	<p>Herstel van pad na hengelgebied</p> <p>Daar word versoek dat die verspoelings wat by die draaisirkel na Olckersweg voorkom, opgevolg moet word. Reën veroorsaak dat 'n sloot reeds uitgespoel is en toegang na 2 parkeergeriewe op regterkant belemmer word.</p>	Haylene
5.7	<p>Speelpark by Riverside</p> <p>Frik is onseker of daar op die addisionele begroting voorsiening gemaak is vir die omheining van die speelpark. Sal nagegaan word.</p>	Gibo / Haylene

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.8	<p>Bloktariewe – Elektrisiteit</p> <p>Frik doen navraag waarom dit nou meer uitgelig word, aangesien dit reeds vroeër uitgeklaar is. Haal af.</p>	
5.9	<p>Rapporteringslyne</p> <p>SMS lyn 37285 moet gebruik word. Haal af.</p>	Lede
5.10	<p>Nock 'n Drop</p> <p>Dawid hou 'n brief voor met voorwaardes waaraan voldoen moet word soos vasgelê deur die Munisipaliteit. Die eienaar wil graag saamwerk en hy rig 'n versoek om die Komitee te kom toespreek. Die algemene gevoel is dat dit geen doel sal dien nie aangesien ons nie die diens steun nie. Verskeie menings word uitgespreek hoe dit gedoen behoort te word. Dorothy sal met die eienaar skakel. Dawid doen ook navraag oor pamflette wat die Munisipaliteit self ook versprei het. Gibo sal dit opvolg.</p>	Gibo
6.	<p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p>	
6.1	<p>Erf 264 en 271, Reebok – Terugvoer oor vordering</p> <p>Geen nuwe verwikkelings nie. Die Munisipaliteit poog nog steeds om die eiendom aan hulle oorgedra te kry.</p>	Gibo / Kallie
6.2	<p>Versperring van sig by uitgange na R102</p> <p>Niks is gedoen om uitsig te verbeter nie. Haylene rapporteer dat mnr Viljoen van mening is dat die sig voldoende is. Terrie wys die vergadering daarop dat die sny van gras en plante langs die R102 slegs geskied tussen George en Grootbrak. 'n Voorstel word aanvaar dat gereël word dat Frik, mnr Ottervanger, mnr Viljoen en Gibo die gebied saam besoek om die probleme aan te spreek. Haylene sal die versoek deurstuur.</p>	Kallie / Gibo / Haylene
6.3	<p>Opgradering van Kusweg – Vorderingsverslag</p> <p>Goeie vordering word gemaak en projek is ±70% voltooi.</p>	Gibo
6.4	<p>Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied</p> <p>Munisipale verslae oorhandig aan voorsitter. Dawid versoek dat ons publiek moet inlig oor wat gedoen word en dat nie alle skoonmaak spanne munisipale amptenare is nie.</p>	Dorothy
6.5	<p>Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier</p> <p>Niks nuuts om te rapporteer nie.</p>	Charl / Peter

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.6	<p>Inligtingtekens op die R102</p> <p>Nog nie reggestel nie. Haylene sal versoek weer deurstuur.</p>	Haylene
6.7	<p>Strandbeheer (honde en hengel) – Terugvoer van munisipaliteit</p> <p>Munisipaliteit is besig met 'n impakstudie om die gebied te bepaal. Die koste implikasie word ook tans bepaal. Sit op aktiwiteitslys vir September 2012.</p>	Dorothy
6.8	<p>Kontakbesonderhede van erf eienaars</p> <p>Haylene sal dit verder voer nou dat sy weet wat ons verlang.</p>	Haylene
6.9	<p>Mangateksels</p> <p>Toegemaak maar deksels is te groot. Haylene sal opvolg.</p>	Haylene
6.10	<p>Openbare Werkswinkel: Kusbestuursprogram – Terugvoer</p> <p>Die vergadering en wat bespreek is was baie insiggewend en Frik se voorstelle was baie goed ontvang. Dit het hoofsaaklik gehandel oor die behoudsprogram. 'n Opvolg vergadering word beplan. Haal af.</p>	Buks / Frik
6.11	<p>Ramp- en Risikobestuursplan</p> <p>Taakspan het saam met Eden Distriksmunisipaliteit vergader en noodplanne sal by die volgende vergadering voorgelê word. Terrie sal dit bywoon om ons insette te lewer.</p>	Terrie
6.12	<p>Navraag M E Kelbrick</p> <p>Geen waterpype is gelê nie. Haal af.</p>	
6.13	<p>Stormwater - Impalaweg</p> <p>Sloot is gegrawe en ons sal dit monitor om te bepaal of dit suksesvol is. Haal af.</p>	Kruger de Wet
6.14	<p>Waterdruk in Reebok – Terugvoer oor druktoetse</p> <p>Nodige toetse is uitgevoer en waar nodig sal veselament pype gedurende die 2012/13 finansiële jaar vervang word met PVC pype. Haal af.</p>	
7.	<p>PROJEKTE</p>	
7.1	<p>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.2	<p>Skoonmaak van erwe – deurlopend</p> <p>Al die erwe wat skoongemaak word is op die verslag. Skoonmaak by uitbreidings 8 tot 10 het ook begin.</p>	Dawid
7.3	<p>Ramp- en Risikobestuursplan</p> <p>Sien Item 6.11.</p>	
8.	<p>FINANSIES</p> <p>Huidige saldo R19 507.</p>	Dorothy
9.	<p>POLISIËRING / BUURTWAG</p> <p>Terrie vra dat ons lede moet aanmoedig dat alle gevalle van misdaad aangemeld word aangesien dit die Polisie instaat stel om die misdadigers se strategie te kan bepaal. Hy spreek ook sy dank uit vir die samewerking wat hulle kry van die buurtwag. Terrie meld ook van mense, bo en behalwe wagte, wat op boupersele woon. Indien van ons lede van sulke gevalle bewus is, moet dit gerapporteer word sodat bouinspekteur dit kan ondersoek. Haylene sal die versoek deurgee.</p> <p>Anton lig ons in oor vordering gemaak deur buurtwag om skakeling tussen inwoners en polisie te verbeter.</p>	Haylene Anton / Terrie
10.	<p>BEWAREA</p> <p>Frik berig dat Graham Loxton, (sel 071 755 1583) vir die Bewarea werk. Hy kan ook gekontak word indien 'n slang verwyder moet word by 'n woonhuis.</p>	Lede
11.	<p>PLAASLIKE SAKE</p>	
11.1	<p>Fraaiuitsig</p> <p>Geen probleme nie.</p>	Charl / Martin
11.2	<p>Klein-Brakrivier</p> <p>Haylene sal die versoek vir verwydering van bourommel in Beyerstraat aan die Munisipaliteit deurgee.</p>	Charl / Pieter Haylene
11.3	<p>Reebok</p> <p>Geen probleme nie.</p>	Deon
11.4	<p>Reebokhoogte</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	Frik / Kruger

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
11.5	<p>Reebokrif</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	Leon / Jaco
11.6	<p>Riverside</p> <p>Terrie versoek dat tydelike toilette aangebring word by die rugbyveld wanneer byeenkomste daar plaasvind want van die onbewoonde eiendomme word vir die doel aangewend en eiendomme word beskadig.</p> <p>Des spreek sy dank uit vir items wat op die begroting is en werk naby die rivier wat gedoen moet word. Hy lig ook die probleem uit van mense wat langs die rivier kampeer terwyl daar geen fasiliteite daarvoor is nie. Hy verwys ook na mense wat daar hengel en voertuie wat die oewer beskadig.</p>	<p>Terrie/Des</p> <p>Haylene</p>
11.7	<p>Tergniet</p> <p>Geen probleme nie.</p>	Dawid/Anton
11.8	<p>Tergniethoogte</p> <p>Geen probleme nie.</p>	George/Mike
12.	<p>KORRESPONDENSIE</p>	
12.1	<p>Erf 436 (langs Gemeenskapsaal)</p> <p>Klagtes rakende erf 436 is baie moeilik om te monitor aangesien dit openbare eiendom is.</p>	
12.2	<p>Buitelug advertensie</p> <p>Voor en nadele van buitelug advertensie word bespreek. Dawid skets regulasies wat agente aan moet voldoen.</p> <p>Lede, hetsy hulle die huidige regulasies steun of nie, kan individueel hul voorkeure aan die Munisipaliteit deurgee.</p>	
13.	<p>VOLGENDE VERGADERING</p> <p>Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 5 Junie 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.</p>	
14.	<p>VERDAGING</p> <p>MARTIN SMITH NOTULEERDER</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p data-bbox="264 360 1198 427">GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 5/2012 GEHOU OP 5 JUNIE 2012.</p> <p data-bbox="264 667 496 734">BUKS PIETERSE VOORSITTER</p>	